

Die Slagting op Lindley (2)



Vandag was die eerste verskyning van die vermeende aanvallers van die [Potgieter-gesin](#) van Lindley. Na verneem word was daar ongeveer 300 mense wat aldaar saamgetrek het. Die tyd om te organiseer was bitter kort. Die eerste oproepe het Vrydagaand uitgegaan. Verskeie organisasie en instansies het saam gewerk en diegene wat daaraan gewerk het moet geluk gewens word met die resultaat. Dit was nie 'n grondverskuiwing nie maar nietemin 'n goeie begin.

Die hele aksie behoort nou in 'n hoër rat geplaas te word. Ongelukkig dat daar baie teenkantiing was van mense wat nie 'toi-toi' nie en ander wat eerder wil skiet!

Eendag is 'n Fransman gevra waarom hulle eerste die hand van 'n vrou soen. Sy antwoord was dat 'n mens iewers moet begin. So werk dit ook in die vryheidstryd!

Waarteen gewaak moet word is dat hierdie geleentheid om die volk in opstand te kry nie moet gebruik word as 'n geleentheid om vir partye, organisasies, idiwidue of instansies, steun te probeer werf nie. Laat daar diesulkes wees maar laat die eens-gesindheid van die Volk oor die aanslag teen hom, vooropgestel word.

Vermyn enige praatjies wat poog om 'n natsak oor ons pogings te gooi. Hier kom 'n oorlog in hierdie land rondom grond en die doodmaak van ons mense. Die enigste instansie wat dit kan vermy is die regering self.

Ongelukkig sal daar altyd diegene wees wat 'n klein bietjie politieke myle uit 'n poging soos hierdie, sal probeer kry. Dit is kontraproduktief. Laat ons die mag van 'n saambindende krag van Volkseenheid vooropstel. Doen ons dit nie is ons verlore!

By vandag se verhoor was dit ook weer die geval waar dr Pieter Mulder, leier van die [VF+](#) en Adjunk-minister in die Zuma-regering teenwoordig was. Hy het van die geleentheid probeer gebruik maak asof dit 'n VF-byeenkoms was. Waarvoor dr Mulder gesorg het is om indirek die ANC-regering by die verhoor te verteenwoordig. Daar is ook glo VF-hempies uitgedeel, ook aan swartes om die indruk van politieke korrektheid te maak. Mense, kan ons nie 'n slag groter en wyer dink nie? Die aanslag teen ons het rasse-bowetone en om dit te probeer afmaak asof dit net misdadigheid is, stuur die verkeerde boodskap die wêreld in.

Daarenteen sit dr Mulder met 'n magtige wapen in sy hand waarmee hy 'n geweldige slag vir die Blankes en ons volk kan slaan. Hy kan bedank omdat sy mense wat hy wil verteenwoordig, uitgemoor word en niks word deur die regering daaraan ge-doen nie. As daar 'n geleentheid is

om die aandag van die volk, die regering en die wêreld te kry, sal dit so wees.

Ook rondom hierdie aksie is dié van leidelike verset. Die blokkeer en onbegaanbaar maak van paaie, die samedromming van honderde mense rondom hofgeboue en gelisensieër gewapen ter beveiliging teen enig verdere aanvalle is noodsaaklik. In hierdie verhoor het ons reeds reaksie gekry en dit was toe 'n ander aanklaer en magistraat ingebring moes word en mense nie in die hof toegelaat is nie. Die volgende aksie sal wees om die polisie te lok om baie polisiemanne aldaar te ont-plooi. Die pers sal vir 'n stadium die aksies probeer doodswyg, maar nie vir altyd nie.

Vlae en slagspreke, ten spyte van teenkanting uit sommige oorde, is baie belangrik om klimaat te skep. Daarom moet dit ook gedoen word.

Opgestel en uitgegee deur Piet Rudolph namens die Aksiekomitee Orde Boerevolk.

Tel: 072 419 3516

E-pos: piet.rudolph@gmail.com